NAMIBIA SIM NEWSLETTTER

SENIOR SIMMENTALER EN SIMBRA KURSUS

Die **Simmentaler/Simbra Genootskap** bied n **gevorderde Simmentaler en Simbra kursus** aan van 30 Junie tot 2 July in en om Windhoek. Die Kursus word aangebied deur Adrian Odendaal, Jaco Mare, Diethelm Metzger en Stephan Voigts. Die kostes is N$800 per persoon vir die kursus. Dit sluit ontbyt en middagetes in.

Deelnemers moet n Simmentaler of Simbra beginnerskursus geslaag het om aan die kursus te kan deelneem. Senior kanidate is ook welkom om die kurus by te woon.

Dag 1 behels moderne teel praktyke, ontleding van verslae aangebied deur Johan Styger.

Dag 2 Simmentaler beoordeling.

Dag 3 Simbra beoordeling.

Telers is ook welkom om dag een by te woon. Dit word aangebied by die Simmentaler / Brahman Huis te Windhoek Skougronde. Etes sal vir telers te koop aangebied word. Telers wat wel die dag wil kom bywoon moet asb die Simkantoor in kennis stel.

Belangstellendes kontak asb vir Hennie Kruger simnamibia@gmail.com of 081 2964280

BREEDPLAN BOEREDAG

Die Simmentaler komitee bied n Breedplan inligtingsdag aan op Saterdag, 11 Julie 2015 by Okamatapati. Die lesings sal aangebied word deur Dr Michael Bradfield. Doel van die kursus is om die kommunale en opkomende kommersiele boer meer bewus te maak van EBV waardes.

Telers is ook welkom om die boeredag by te woon. Dus belangrik om te sien dat die telers ook betrokke is by die opleidingsproses van voornemende kopers.

WEB TUISTES

U is reeds daarvan bewus dat ons n eie www.simmentalernamibia.org en www.simbranamibia.org webblad bedryf . Die moontlikheid bestaan om op die webblaaie u stoet of aanstaande veilings te adverteer . Ons wil n beroep doen op telers om hul veilingsdiere op die webblad te adverteer. Stuur die inligting aan die Simkantoor.

SIMXTRAVAGANZA VEILING

Tegniese beamptes is tans besig met keurings. Versoek die TA's om vir u bulle uit te wys vir die SimXtravaganza veiling. Die veiling vind plaas op 16 Oktober by die Agra Velingskrale te Windhoek. Ons is reeds besig om die veiling te adverteer. Inskrywingsdokumente sal na afloop van die keurings deur die Simkantoor aan telers uitgestuur word.

Alle bulle vir die veiling moet DNA getoets wees. Bewyse moet voor 30 September 2015 aan die Simkantoor verskaf word. Geen bulle sal toegelaat word sonder vaderskaptoetse nie.

Telers word daaraan herinner om die IDnrs van bulle aan die kantoor te voorsien wat tydens keuring hoog gepunt is. Ons wil graag hierdie uitstaande diere help bemark , veral onder medetelers. Die IDnrs van hierdie diere sal op die webblaaie geplaas word , ons wil so n databasis opbou van potensiele stoetdiere.

Sim Raad

Kontak binne geledere is uiters belangrik en ons vra almal om die Raadslede te kontak indien enige navrae bestaan.

STEPHAN VOIGTS, 081 1244430, stephanv@iway.na

DIETHELM METZGER, 081 1289017, diethelm@kamab-simbra.com

BERTUS WALTERS, 081 1270300, bertusw@securitas.com

WERNER WILCKENS, 081 2807829, wilckens@iway.na

KASPAR GUNZEL, 081 1290273, kaspar@iway.na

REINI RUSCH, 061-233345 , panorama@mweb.com.na

$$$